# Muratie-volmaanstap 2021

| ROETE: | Muratie | DATUM: | 26 Februarie 2021 |
|---|---|---|---|

**KOMMENTAAR**

Ons was altesaam 25 mense wat Vrydagaand 26 Februarie 2021 om 17:30 by Muratie bymekaar gekom het vir hierdie gemaklike sirkelroete van 3,5 km (opgerond na 4 km). Die roete is goed gemerk en nie tegnies moeilik nie. Bo-op die koppie het ons vir ons plakplek gekry om die son te sien sak en die maan te sien opkom. Daar was natuurlik die trekpleister van wyn wat bo-op die koppie verkoop word, en die lekker piekniekkos wat almal ingepak het. Met al die brande in die Stellenbosch-omgewing was ons die hele dag onseker of ons sou kon stap, maar uiteindelik het Dirtopia (die mense wat die roete organiseer) laat weet dat die stap voortgaan en dat die lug na die Paarl se kant toe oop en blou is. Om amper twee uur lank rustig op 'n koppie te kan sit is net die regte medisyne na 'n wilde week. Ons het heerlik gesels en foto's geneem terwyl ons wag vir die maan om agter Simonsberg te verskyn. Teen 20:00 se kant het ons met ons flitsies die terugtog aangepak. Terug by die beginpunt het 'n hele klomp van ons eers koffie gedrink voor ons die pad huis toe aangepak het. Baie dankie aan Amanda Matthee vir die reëlings en stapleiding. (Nota: Die permitte was R100 elk, wat ek aanlyn gekoop het. Almal het hul R100'e in kontant na die beginpunt gebring.)

| STAPPER | LIDNOMMER | ADMINFOOI | KM | OPMERKING |
|---|---|---|---|---|
| Amanda Matthee | 2021040 | R 5 | 4 | |
| Chrisna Swart | 2021043 | R 5 | 4 | |
| Enrico Nel | 2021042 | R 5 | 4 | |
| Irma Jooste | 2021038 | R 5 | 4 | |
| Deon Arp | 2021039 | R 5 | 4 | |
| Wynand Krause | 2021066 | R 5 | 4 | |
| Madeleine Krause | 2021067 | R 5 | 4 | |
| Nardus Krause | Besoeker | R 10 | 4 | |
| Ilze van der Westhuizen | Besoeker | R 10 | 4 | |
| Delfie Issel | 2021016 | R 5 | 4 | |
| Mariana du Toit | 2021002 | R 5 | 4 | |
| Steph du Toit | 2021001 | R 5 | 4 | |
| Brenda Sideratos | 2021058 | R 5 | 4 | |
| Werner Booyens | 2021057 | R 5 | 4 | |
| Celia Krumm | 2021077 | R 5 | 4 | |
| Carina Liebenberg | 2021051 | R 5 | 4 | |
| Pieter le Roux | 2021078 | R 5 | 4 | |
| Willemien le Roux | 2021079 | R 5 | 4 | |
| Adriaan le Roux | Besoeker | R 10 | 4 | |
| Christiaan le Roux | Besoeker | R 10 | 4 | |
| Bea Liebenberg | Besoeker | R 10 | 4 | |
| Cara Liebenberg | Besoeker | R 10 | 4 | |
| Zander Krumm | Besoeker | R 10 | 4 | |
| Anelda Lochner | 2021044 | R 5 | 4 | |
| Nadia Lochner | Besoeker | R 10 | 4 | |
| | | | | |
| | TOTALE: | **R 165** | **100** | |

| VERSLAG DEUR: | Amanda Matthee |
|---|---|